
# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

## No. 25
## Skaduwees op die Krans



**braam le roux**

Sy trek die skoot af en die koeel sing voor haar uit en tref 'n klip net bokant Lotter se kop. Haar skoot het skaars geknal , of die mauserkoeel van Banie se geweer raps stof 'n tree voor Hardus in die grond op. Die volgende oomblik het Hardus geduik en plat op sy maag in die sloot gaan lê. Hy het dadelik geweet dat daardie koeel nie van die huis afkomstig is nie. Uit die hoek van sy oog het hy die rokie daar by die bultjie, ver anderkant die huis, opgemerk. Vir een oomblik besef Hardus dat as hy hier opvlieg en begin hardloop, hy 'n oop teiken sal wees. Hy kan egter ook nie bly lê nie, want die persoon op die bult is hoër as hy en kan hom maklik sien.

Sofomslag: Chris du Plooy

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

## No. 25
## Skaduwees op die Krans



**braam le roux**

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Wilde Witte | 3 |
| 2. | Die Tiran | 20 |
| 3. | Die Berge Bulder | 37 |
| 4. | Die Swart Nekdoek | 53 |
| 5. | Vingers van die Dood | 69 |
| 6. | Weer die Wilde Witte | 85 |


Hoofstuk 1

# DIE WILDE WITTE

Pronk runnik opgewek. Dit klink helder deur die oggendlug en weergalm weer terug na hom. Hy trippel rond en spits sy ore. Hardus Malherbe lag en klop die perd teen sy nek. Saggies praat hy hier van Pronk se rug af.

„Jy voel seker ook die lente aankom, Pronk, maar beheer jou, Kêrel, beheer jou! Die poskoets moet nou enige oomblik daar by die poort deurkom."

Pronk se houding bly egter lewendig en ongeërg begin hy weer runnik. Dit klink soos musiek in die oggendlug. Malherbe laat sy dier maar begaan. Sy oë is op die poort gerig. Hy weet dat die poskoetsdrywer nie onraad sal merk wanneer hy Pronk se gerunnik hoor nie, want die Korannaberge is vol wilde perde, en dit is juis omdat Pronk netnou 'n klompie wakker merries in die bosse onder in die kloof sien vlug het, dat hy so stuitig begin raak.

Gister nog het die stowwe vaal in die weste opgeslaan soos die woestynwind die sand oppiets en aanjaag see toe. Maar vanoggend trek daar nie 'n luggie nie. Die son skyn reeds heerlik maar glad nie warm nie. Daar is iets wat byt in die atmosfeer, wat jou opgewek maak. Die lug voel vars, stimulerend. Hardus Malherbe kry ook die soet geur van rosyntjiebosse, en as hy daardie reuk in die atmosfeer gewaar dan weet hy dat die voorsomer hier is.

'n Vreedsame stilte heers oor die landskap. 'n Berghaan sweef sierlik al langs die kranse, en daar onder tussen die bosse op die vlakte roep 'n korhaan aanhoudend. Hardus tuur af in die klowe. Daar is geen teken van die wilde perde nie, en die merries is oulik genoeg om nie op Pronk, die albino-wit hings, se gerunnik te antwoord nie. Pronk se neusgate gaan oop en toe soos hy die vars, bytende lug inadem.

Soos Hardus daar op die perd sit, luister hy intens en neem al die geluide op. Hy kan elkeen onderskei. Maar hy slaan nie ag op die geluide van die natuur nie. Daar is 'n ander geluid waarop hy wag, en hy verwag dit nou enige oomblik. Hy raak sy perd liggies met sy spore, en die dier loop kopspelend vorentoe. In die skaduwee van 'n vaalbos bring hy Pronk weer tot stilstand en dan luister hy maar

weer, terwyl sy diepblou kykers daar onder op die poort gevestig is. Deur daardie poort moet die poskoets van Upington af weldra kom, en dan moet dit in die dowwe pad al langs die berg beweeg in die rigting van die Duitse grens.

Hardus Malherbe is hoedloos, en hy kan hom nie herinner dat hy ooit in sy leeftyd 'n hoed gedra het nie. Sy ligte hare is agteroor gekam, maar daar by die kroontjie staan 'n paar hare weerbarstig orent. Hardus se moue is opgerol. Dit is ook kenmerkend van hom, maar tog is sy arms nie bruin gebrand nie. Hulle het eerder 'n gesonde rooi kleur. Die spiere lê fyn en mooi op sy voorarms.

Hardus ken hierdie omgewing soos die holte van sy hand. Hy ken elke kloof, elke krans, elke vou in die bergreeks wat daar in die suide blou opslaan en in die noorde die dorre woestyn inketting. Hy ken al die waterbronne in hierdie omstreke, al die spelonke en grotte, hy weet waar die springbokke in die wintermaande en in die voorsomer die wateplasse in troppe van duisende kom opsoek. Daarom ly hy en Pronk nooit dors of honger nie en daarom verdwaal hulle nooit nie, en daarom slaag die polisie-agent op die naaste dorpie, Kalkpoort, nooit daarin om hom op te spoor nie. As hulle agter hom aankom, skop die wit perd stof en verdwyn Hardus en Pronk in een van die baie grotte sonder om 'n enkele spoor na te laat.

Hardus lewe al langer as ses maande soos 'n koning hier tussen die klowe, en hy verlang nooit na 'n huis nie, want die veld en die berge is sy tuiste en sy liefde. Sy liefde is om poskoetse in te wag en hulle te beroof van al die kontantgeld wat hulle van Kalkpoort na Koems toe dra. Koems is 'n paar myl van Suidwes se grens af geleë.

Die poskoets vervoer selde mense, en totdat Hardus dit begin beroof het, was daar net twee ongewapende manne op die koets, maar nou sorg hulle gereeld dat die twee drywers gewapen is, en soms word daar nog 'n derde persoon met geweer en rewolwer tussen die bagasie weggesteek. In die afgelope tyd was hulle baie waaksaam, en verskeie kere was dit so naelskraap of Hardus het aan die pen gery. Dit is toe dat Hardus hom eers vir etlike weke onttrek het en met Pronk in die klowe geboer het. Hy wou hulle net 'n bietjie mak maak, en hy reken dat hulle teen hierdie môre al 'n bietjie geruster sal wees.





Hy weet dat hulle hom in die dorpie die Wilde Witte noem. Pronk het hom waarskynlik hierdie naam besorg, want niemand het nog ooit sy gesig behoorlik gesien nie, omdat hy altyd die onderste helfte eers met die swart doek wat hy om sy nek dra bedek voordat hy tot die aanval oorgaan.

Oor die periode van ses maande het hy die poskoets al vier keer met welslae aangeval. Die koets kronkel egter slegs een keer elke veertien dae hier deur die berge. Tog is dit die enigste verbinding tussen die Kolonie en die Duitse grens.

Ineens gryp Hardus na sy sakdoek wat om sy nek hang. Die gerammel van wiele oor gruis het tot sy ore gekom. Dit is 'n hol gedreun wat net 'n poskoets kan maak. Voordat die koets by die poort kom, gaan hy eers 'n skotige opdraand op. Hardus kan nou hoor dat die koets besig is om teen die steilte opgetrek te word, want ineens is daar die geskree van 'n stem wat vanoggend helder en ver trek, en dan die geniepsige klap van 'n sweep.

Met een beweging skuif Hardus die swart nekdoek oor die onderdeel van sy gesig sodat net sy oë en voorkop sigbaar is. Daarna sak sy hand vinnig na sy rewolwersak aan sy regterheup. Hy betas die ivoorkolf van sy vuurwapen, en agter die swart nekdoek plooi daar 'n breë glimlag om sy mond.

Hardus Malherbe, die Wilde Witte, is andermaal gereed om die koets te beroof.

In intense spanning sit hy en wag. Dit is asof Pronk weet dat hy gereed moet wees. Hy tuur nie meer af in die klowe nie. Hy het die wilde perde volkome vergeet.

Skielik kom die koppe van die voorperde agter die ronding, net agter die poort, uit. Die maanhare slinger heen en weer soos hulle kragtig teen die opdraand uitbeur met die koets agter hulle. Binne nog enkele oomblikke is die hele koets sigbaar. Die vier koetsperde draf nou oor die gelykte aan na die poort toe. Hulle is baie versigtig vir hierdie poort, want twee keer vantevore is hulle in hierdie poort deur die Wilde Witte vasgetrek. Maar die drywer wat op die voorste sitplek sit en dryf, weet ook al dat die Witte sy aanvalle elke keer op 'n ander plek loods.

Hardus se hand gaan vinnig af na sy broeksak toe. Die volgende oomblik bring hy 'n verkyker te voorskyn. Dadelik rig hy hom op die drywer. In een oogopslag kom hy agter dat die drywer gereed

is. Deur die verkyker sien hy die geweer wat oor die man se skoot lê.

Daar gaan die koets nou deur die poort. Vir 'n oomblik is die vier perde en die koets moeilik sigbaar in die diep skaduwees wat daar gedurig in die poort lê. 'n Oomblik later brand die son weer mildelik op die bruin en swart velle van die trekdiere, en is die koets besig om al vinniger nader te rol.

Skielik merk Hardus deur sy verkyker dat die drywer hom skuins in sy sitplek gedraai het en ook 'n verkyker voor sy oë het—'n verkyker wat op hom gerig is.

Hardus besef dadelik dat hy hom baie duidelik hier onder die boom moet sien, want daar lê slegs sowat driehonderd tree tussen hom en die koets.

Skielik sien Hardus hoe die drywer die verkyker weghaal en dan met sy hande agtertoe beweeg. Vinnig verskyn daar twee koppe by die koetsvensters. Hardus lag. Dit is natuurlik die lyfwagte wat deesdae almal binne-in die koets stelling inneem.

,,So, dit is sulke tyd,'' prewel Hardus.

Hy sien duidelik hoe dat die drywer die geweer op sy skoot optel en hom gereed maak om aan te lê, maar dan word hy blykbaar deur sy twee maats in die koets gemaan om nie nou al te skiet nie, want hy laat val die geweer weer op sy skoot en neem die leisels op en skree luid op die perde, sodat sy stem ver in die klowe weerklink.

Hardus beweeg nie, en Pronk ook nie. Hy kyk hoe die koets al nader rol. Hy wag totdat dit tussen die haak-en-steek- en vaalbosse in beweeg.

Maar ineens vang Hardus se ore 'n ander klank op. Hy luister, en dan is dit asóf hoefslae opklink. . . hoefslae wat in die klowe weergalm. Die hoefslae klink egter agter hom op, in die kloof waarin hy en Pronk 'n oomblik gelede afgestaar het en waar die wilde perde netnou in opgevlug het toe Pronk hulle gewaar het. Eers kom dit by Hardus op dat dit die wilde perde is wat nou weer terugjaag, maar dit is of 'n sesde sintuig hom waarsku. Daardie hoewegedreun klink te reëlmatig.

Hy draai skielik in die saal om en kyk in die kloof af. Die perdehoewe klink nou donderend op. Hardus besef dat die mense in die koets nie maklik hierdie gedreun sal hoor nie, want die bergrug waarop Pronk en Hardus wag, skei die kloof van die





dowwe pad waarin die koets nou al vinniger in afry.

Soos blits ruk Hardus die nekdoek weer af, en dan sien hy ineens die eensame ruiter daar onder in die kloof. Die persoon lê plat op die rug van 'n swart perd. Die man jaag om lewe en dood. Die hoewegedreun weergalm nou teen die kranse. Dit is duidelik nou nie meer net die hoefslae van een perd wat Hardus hoor nie, maar die geklap van baie. Sy oog volg die soom van die sandrivier wat in die middel van die kloof opkronkel.

Wat hy nou sien, laat hom sy asem vinnig intrek.

Drie perderuiters jaag haastig in die kloof op agter die eerste een aan.

Vir 'n oomblik het Hardus die koets, wat nou agter die doringbosse indreun, vergeet. Hy rig sy verkyker op die voorste ruiter. En dan gee hy 'n uitroep van verbasing.

Die ruiter wat daar voor drie agtervolgers in malle vaart voortjaag, is 'n meisie. Hardus sien hoe dat haar hare los in die wind waai. Hy kan selfs die kleur van haar hare uitmaak. Dit is swart. Sy sit wydsbeen op die perd, en dadelik merk Hardus ook dat sy geen ryrok nie maar 'n rybroek aan het.

Nou rig Hardus sy verkyker weer vinnig op die agtervolgers. Hulle jaag kort agter mekaar en die voorste hanteer 'n korterige geweer, en terwyl Hardus hom van die rant af bespied, tel hy dit op en lê aan. 'n Skoot knal en weergalm skerp tussen die berge.

In hierdie stadium het Hardus totaal van die poskoets vergeet. Hy gee vir Pronk spore en die volgende oomblik sak hy aan die diep kloof se kant teen die berg af.

Agter hom, aan die anderkant van die rant, het die poskoets alreeds tussen die bosse ingerol. Drie manne sit angstig en wag op die aanval van die Wilde Witte, maar Hardus en sy wit perd is nou al byna onder in die kloof. Netnou het hy weer deur sy verkyker geloer en tot sy ontsteltenis gesien hoe dat die meisie se perd onder haar struikel. Sy het egter daarin geslaag om die dier weer op sy pote te kry. Dit is vir Hardus egter duidelik dat sy nie daarin sal slaag om weg te kom nie. Haar agtervolgers is besig om haar stadig maar seker in te haal.

Pronk lê nou oop tussen die bosse deur. Hy sny skuins agter die meisie aan en Hardus skat alreeds vooruitdat hy hulle moet ontmoet net waar die twee berge teen mekaar vasloop om die punt van

'n ruwe driehoek te vorm waarin die kloof ook doodloop.

Pronk gee sulke kortaf snorkies, want hy wag al die hele môre om vir sy baas te wys dat hy sy pote kan dra.

Die meisie en haar swart perd is nou slegs honderd tree voor hom, en tweehonderd tree agter haar jaag die drie ruiters teen 'n malle vaart agter haar aan.

Ineens sien Hardus weer hoe die swart perd struikel. Hierdie keer bly die meisie nie in die saal nie. Toe die perd hees runnikend op sy knieë beland, skiet die meisie oor sy kop. Die stof walm op waar sy die aarde tref.

Op daardie selfde oomblik klap daar weer 'n skoot, en Hardus hoor hoe die koeël in oneindigheid in wegfluit. Hardus besluit skielik om sy wit ros in te hou. Die wit perd steek vierspoor vas dat die kuite so onder sy hoewe uitskiet, en dadelik stuur Hardus Pronk agter 'n rotsstuk in.

'n Oomblik later dawer die drie perderuiters hier by hom verby, en die een skree triomfantelik:

,,Die perd het haar gegooi!''

,,Mog sy haar nek gebreek het!'' skree 'n ander een terug.

Hulle begin hulle perde inhou, en 'n oomblik later staan die stof soos die drie tot 'n skielike stilstand kom.

'n Entjie van hulle af, agter 'n klomp slangkop-bossies staan 'n meisie steunend op en hou haar rug vas. Sy vee haar hare agteroor en met neergeslane oë staan sy haar agtervolgers en inwag. Haar perd stap mank van haar af weg.

Enkele treë van haar af, hou die perderuiters heeltemal stil. Die middelste persoon, 'n skoon geskeerde jongman met golwende swart hare en 'n uittartende houding, spreek haar toe.

,,So, die dogter van die armlike luis en kerkmuis, Wolfaart. Ek kon dink dit was jy!''

Hy kyk die meisie skerp aan en dan beveel hy die persoon langs hom:

,,Klim af en maak haar vas.''

Meteens tel die meisie haar kop op en trots swaai sy haar hare agteroor. Daar kom skielik veragting in haar oë.

,,Ek weet ten minste wie die diewe is en hoe julle steel!'' snou sy hulle toe, en op daardie oomblik stuur Hardus sy perd tussen die bosse uit. Sy sien hom eerste, want hy kom skuins agter die drietal





te voorskyn. Hy het sy rewolwer in sy hand.

Haar mond hang skielik oop van verbasing toe sy die man op die wit perd met sy fiere houding sien, sy breë skouers en die spottende uitdrukking wat om sy mondhoeke speel.

Die jongman met die kaal geskeerde gesig volg haar blik, en toe hy in die saal omdraai, kyk hy in Hardus se oë vas. Hy gryp na sy rewolwer, maar dan kraak Hardus se stem:

,,Ek sou dit nie waag as ek jy was nie!''

Die man lig sy hande dadelik omhoog. Die ander twee gewaar Hardus eers toe hy begin praat. Die een, 'n kort, frisgeboude jongman van ongeveer twee-en-twintig, se hand gaan blitsig na sy rewolwerkolf toe. Maar Hardus het daardie beweging uit die hoek van sy oog opgemerk. Nog voordat die buks sy rewolwer behoorlik uit het, knal Hardus se vuurwapen. Daar is 'n klank asof vensterruite in stukke val toe die rewolwer uit die buksie se hand op die gruis val.

,,Moenie probeer laf wees nie, julle lafharte! Julle het nie nou met 'n meisie te doen nie. Laat val julle rewolwers—al drie—en moenie talm nie!''

Hulle gehoorsaam dadelik. Een wat 'n geweer oor sy skoot gehou het, laat val dié ook. Die skoon geskeerde jongman slinger sy eie vuurwapen ook op die grond neer.

Hardus klim self van sy perd af en gebied dan, sy rewolwer nog steeds op hulle gerig:

,,Klim nou af!''

Woordeloos word daar gehoorsaam.

Toe hulle op die grond langs hulle perde staan, loop die baas van die wit perd tot vlak voor hulle en beveel weer:

,,Staan ordelik langs mekaar sodat ek 'n kansie kan kry om vrouevegters te bestudeer!''

Weer gehoorsaam die drie, maar skielik kom die stem van die skoon geskeerde met sy krulhare:

,,Kyk hier, ek weet nie wie en wat jy is nie, maar jy is besig om die gereg te dwarsboom. Daardie meisie is 'n perdedief!''

Hy wys met sy vinger na die skraal geboude meisie wat nou voetjie vir voetjie nader kom. Hardus steur hom egter nie aan die man se woorde nie. Die loop van sy rewolwer is nou reg op die skoon geskeerde gerig.

,,Trek julle skoene uit, ou vroue, en maak gou!''

Hardus sien hoe dat die buksie skrik en dan na sy langer maat kyk. Die derde persoon praat nou ook. Hy is 'n lang, skraal man met hare wat al gryserig langs sy slape vertoon. Hy het 'n breërandhoed op sy kop, en die buksie het ook 'n hoed op sy kop wat ietwat te groot vir hom lyk. Die skoon geskeerde is kaalkop.

,,Hoe durf jy ons so verneder?'' kom die gryserige man se rasperstem. ,,Ek is hulp-polisie-agent op Kalkpoort en hierdie man langs my, Banie Lotter,'' en hy wys met sy kop na die breedgeskourde en skoon geskeerde man, ,,wat al jare in diens van die invloedrykste boer in die distrik is, ook. Of ken jy nie oom Tobias Verster nie? Die ander man,'' en hy maak 'n gebaar in die rigting van die buksie, ,,is Vic Rademan wat ook vir oom Tobias werk.''

Hardus staar hom aan asof hy nog nooit van hierdie name gehoor het nie, en hy het ook nie. Daar plooi 'n spotlag om sy mondhoeke.

,,En jy. . . wie is jy? Pandit, eerste minster van Ceylon?''

Die ouerige man begin stotter.

,,Ek. . . ek het jou gesê dat ek hulp-polisie-agent is. Ek. . . ek is Albert Verwey en ek. . . ek sal jou hiervoor laat boet, Leegloper!''

Hardus byt op sy onderlip. Hy merk uit die hoek van sy oog dat die meisie tot vlak langs hom beweeg het, maar sy sê niks nie.

,,Ek wag dat julle jul skoene moet uittrek, Albert Verwey!''

Hardus se stem is kil en gebiedend. Hulle bly egter vir mekaar kyk, en Banie Lotter maak net sy mond oop om te praat, toe Hardus se rewolwer begin vuur spuug.

Twee skote klap onder die hulp-polisie-agent se bene. Hy skree skril en spring in die lug.

Toe die buksie, Vic Rademan, vinnig buk om sy skoene te begin losmaak, beweeg Hardus nog nader, en die volgende oomblik raap hy die twee rewolwers wat die manne laat val het, van die grond af op.

Vic Rademan gooi sy skoene met 'n vloek op die grond neer. Albert Verwey maak sy skoenveters ook nou onder 'n stortvloed van bedreigings los, maar Hardus slaan geen ag op sy woorde nie.

Net Banie Lotter maak geen aanstaltes om die bevel uit te voer nie. Daar is 'n hoonlag op sy gelaat. Hardus kom vinnig nader na hom toe.





,,Ek gee jou vyf sekondes om te begin, groot lummel!'' snou Hardus hom skielik toe.

Banie Lotter snork deur sy neus. Hy kyk af na Hardus, en daar is iets uitdagends in sy hele houding. Dit is of hy Hardus uittart om iets te doen.

Malherbe se rewolwer is op Lotter se bors gerig. Vir 'n oomblik bestudeer Hardus die blok van 'n man aandagtig. Sy skouers is breed en sy hemp span oor sy bors. Ondanks Hardus se ses voet een duim lyk hy veel kleiner voor die reus. Dit is asof Banie klaar besluit het dat hy maklik sal kan kleingeld maak van hierdie astrante vreemdeling met sy flitsblou oë en blonde hare.

Vir etlike sekondes heers daar 'n doodse stilte. Hardus kyk die man reg in die oë. Die ander twee mans staan en toekyk, en dit lyk asof hulle moed kry.

Kordaat, nè?'' sê Hardus. ,,Ek het nie gedink 'n vrouejagter soos jy sal die moed hê om daardie woorde te besig nie!''

,,En nou sien jy dat jy terdeë verkeerd is, Rondloper. As jy daardie rewolwer wegbêre, sal ek jou gou op jou plek sit.''

Die meisie maak 'n beweging met haar hand asof sy vir Hardus wil sê om tog nooit so 'n slinkse uitnodiging van Banie aan te neem nie. Maar tot die meisie se verbasing sit die vreemdeling sy rewolwer stadig in die leerskede terug. Banie se gelaat word ineens verwronge. Hy beweeg skielik blitssnel vorentoe. Die meisie gil en Albert en Vic skree triomfantelik:

,,Sit hom op sy plek, Banie!''

Banie gryp na Hardus, en Hardus staan vlugvoetig een kant toe. Banie se hande tas lug. Daar volg 'n klapgeluid, en die meisie sien hoe dat Hardus se vuis in die groot man se maag wegsink. Banie vou vorentoe en toe kom Hardus se vuis op en tref Lotter op die punt van sy ken. Sy kop ruk agteroor en die volgende oomblik klap dit soos sy liggaam met die grond kennis maak.

Tot Vic en Albert se verbasing staan Banie nie weer op nie. Hy kreun net en lê dan stil.

Albert wil nog vorentoe kom om vir Hardus beet te pak, maar hy deins haastiger terug toe hy weer in die vreemdeling se rewolwer vaskyk. Hardus se lippe is ferm opmekaar gedruk.

,,Trek uit die lummel se skoene, en maak baie gou!''

Hierdie keer word daar nie teëgepraat nie. Dit is Vic Rademann